'n Man soos my pa | 18 Junie 2023 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

God heg hoë waarde aan 'n vader. Vaderskap is in die moderne tyd nie altyd maklik nie. Ons leef eintlik in 'n vaderlose tyd, tog het die vader 'n belangrike rol om te speel. Die pa is die steunpilaar, die rots, die finansiële adviseur, die berader, die bemoediger, die lewensafrigter, die wetstoepasser, die kameraad in die huis.
God wil elke pa sy regmatige plek laat vind en sy geestelike posisie laat inneem in die huis en in die kerk.

Wenke vir leier

Maak seker dat elke pa bemoedig word in die kring.
Bid vir elke pa in die kring om staande te bly teen die eise van die lewe.

Onthou om terugvoer te kry van die vorige week se doen saam aktiwiteite.

Lees saam

Deut. 6:4-9
Ef. 6:1-4
1 Kor 4:14-17

Gesels saam

1. Wat sê hierdie gedeeltes vir jou oor God?
2. Wat lees jy raak wat vaders moet doen en nie moet doen nie?
3. Wat sien jy oor die algemeen in pa's se lewens raak.
4. Watter aanpassings moet jy as vader maak om by God se plan vir jou lewe uit te kom?

Doen saam

1. Hou saam huisgodsdiens - spandeer tyd in God se Woord.
2. Maak afsprake met jou gesin in die week om te kuier en sosiaal te verkeer.
3. Maak dit prioriteit om meer tyd aan gesin te spandeer. Gee volgende week terugvoer by jou kring.
4. Doen iets prakties saam (aktiwiteit), soos bv. gaan stap saam, hou piekniek.

Bid saam

Bid dat vaders hul gesagsposisies sal inneem.
Bid dat pa's die geestelike leiding in hul gesin sal neem.
Bid dat hul dagboeke so beplan word om meer tyd met gesin te hê.
Bid vir elke vaderlose gesin en kind.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke -
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035